
17 NOVEMBER 2024

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | LOOPSTYL - LOOFSTYL | HAND. 16:16-40



## COURAGE

Courage is grace under fire...

- ERNEST HEMINGWAY

## NOVEMBER 2024
# 10DE MAAND DANKOFFER FEES

Ons het so paar jaar gelede besluit om ons Tiende maand dankoffer fees in November te hou aangesien Oktobermaand so naby aan ons Markietie is.

In hierdie maand word daar gevra dat jy bo en behalwe jou maandelikse tiende ‘n bydra sal maak vir die gemeente en Koninkryk.





# KUIER & KLETS SE AFSLUITING

Kuier & Klets het die jaar afgesluit by Stellenbosch Vineyards en dit was weer n heerlike uitstappie en Renier Bester (van Stellenbosch Vinyards & L’ Avenir) en personeel het ons baie bederf. Ons kyk nou met n ander oog na n bottel wyn. Ons bedank vir Hannetjie vir die jaar se reëlings en moeite. Baie dankie aan al die lede van Kuier & Klets. Ons het heerlik saam gekuier met julle. Mag 2025 groot verrassings inhou!

# DIEP & VER
## KERSFEES BEDERFPAKKIES

Ons wil graag weer vir ons Diep & Vêr families bederf met ’n Kersfeespakkie.

Ons benodig
- **120 pakkies sjokolade beskuitjies**
- **60 boksies vla**
- **120 blikkies ingelegte perskes**

Maak ‘n bydra deur item(s) Sondae kerk toe te bring of af te laai by die kerkkantoor. Elke bydra word opreg waardeer. Baie dankie.

Vir meer inligting kontak vir
***Hannetjie (083 650 1860)***



# ECHO HUIS

Dis die einde van die jaar en tyd vir ons laaste Echo Huis Gemeenskapsete.

Laat weet asb vir Jana indien jy dit wil bywoon. Dis altyd 'n heerlike gesellligheid waar ons as gemeenskap mekaar beter leer ken en saam kuier. Nooi jou vriende en bring jou gesin.






# NUWE STUDENT

## STEFAN SMIT

Dis vir ons lekker om Stefan aan die gemeente bekend te stel. Stefan is 'n teologie student en gaan vir die volgende twee jaar sy prakties by Toringkerk doen. Hy help ons met Tieners, Kinderkleingroepe en KruisConnect.

Hy skryf die volgende oor homself:
"Ek is Stefan 'n student van Stellenbosch wat teologie studeer. Volgende jaar begin ek meesters in praktiese teologie. Ek het 'n groot liefde vir die see, berge en fietsry. Ek is iemand met baie energie en 'n groot ekstrovert."

As jy hom sien by die kerk in die nuwe jaar stel jouself asb aan hom voor en kom ons help hom om ook tuis te kom by ons.

# KERSFEES MET COENIE DE VILLIERS

Ons is opgewonde om vir Coenie in Toringkerk te verwelkom hierdie Kerstyd.

**WANNEER? WAAR? HOE?**

**3 Desember 2024**
**19:00**
**Toringkerk, Paarl**

***Kaartjies nou beskikbaar by www.tkmarkietie.co.za OF by die Kerkkantoor***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek DIE DATUM



**24 NOV** KERSSANGDIENS
AAND | 19:00



**01 DES** POPPEKAS
EREDIENS | 09:00



**01 DES** AFSLUITINGSFEES
KERKTUIN | 10:00



**03 DES** KERSFEES MET COENIE
KERK | 19:00



**25 DES** KERSDIENS
EREDIENS | 08:30




**31 DES** OUJAARSDIENS
KERK | 23:00

# GEMEENTE STORIES VIR FEESJAAR BOEK

Ons wil graag jou stories in die feesbundel plaas om 150 jaar van Toringkerk se bestaan te vier!

Deel asseblief jou spesiale stories, gedigte en foto's van Toringkerk.

Vir meer inligting kontak vir
***Sumien (083 585 6570)***






# GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS KOOR

Wil jy in die Krismis Koor sing?

Ons oefen **Maandag 18 November** om **18:00 saam by NG Toringkerk**. **Dis ons kleedrepetisie!**

**Enigeen en almal welkom!**

# HUIS ARISTEA

## HUIS ANDREW MURRAY

Huis Andrew Murray is die Kinder-en Jeugsorgsentrum in Wellington. Toringkerk is al 'n hele paar jaar betrokke by een van die dogtershuise, Huis Aristea.

Oudergewoonte het ons 'n vroeë kerspartytjie saam met die dogters gehou - die jaar by Clay Café.

Almal het heerlik geverf, gespeel en natuurlik lekker geëet. Hul kan nie wag om hul unieke keramiek item terug te kry nie.

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om die dag spesiaal te maak.



# KLEURVOLLE KERSFEES

## GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS

**24** | NOVEMBER
19:00
TORINGKERK

ONS 4 GEMEENTES IS BAIE OPGEWONDE OOR HIERDIE JAAR SE KERSSANGDIENS.
ONS NOOI JOU UIT NA 'N VIERING VAN LIG!

ONS KUIER SAAM NA DIE DIENS IN DIE BOSAAL.

NG AGTER-PAARL
1964 - 2024

Paarl-Vallei Gemeente
ONS LOOP WAAR JESUS LEI

OORGEE • OMGEE • AANGEE
DRAKENSTEIN

TORINGKERK

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

17 Nov Dina Rhode
18 Nov Sage Fortuin
18 Nov Jaco Gelderblom
18 Nov Muriel Lombard
18 Nov Johanna Zwanepoel
19 Nov Anette Barnard
19 Nov Lettie Nortjé
19 Nov Michiel Prins
20 Nov Laurén Bester
20 Nov Johan Sadie
21 Nov Ockert Bekker
21 Nov George Foley
22 Nov Mia Brand
22 Nov Annuska de Wet
22 Nov Anna-Mari Horn
23 Nov Elize Burger
23 Nov Lea-Mae Gebhardt
23 Nov Marlize Townsend
23 Nov Louis Wessels



# KINDERS & JEUG

**KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)**

Die Kinderkleingroepe begin weer hierdie Sondag. Ons gesels saam oor die Profete.

**KRUISCONNECT (GR. 7-10)**

KruisConnect is klaar vir die jaar. Sterkte met die eksamens.

**TIENERKERK (GR. 7-12)**

Geen Tienerkerk vir die res van die kwartaal nie.

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE DEURKOLLEKTE: ARBEIDSBEDIENING

Arbeidsbediening is 'n diensarm van Christelike kerke wat alle mense in die werkplek landswyd ondersteun – hulle werk dus AANVULLEND tot gemeentebediening en verteenwoordig nie die voorkeure of styl van een spesifieke denominasie nie. Hulle verteenwoordig die hele kerk van Christus en is gerig op die geestelike versorging van mense in hul plekke van werk. Christen-gelowiges word ondersteun en 'n vriendskapsevangelisasie word gevolg deur mense te bereik wat nog nooit van die Here gehoor het nie. Arbeidsbediening se holistiese benadering beteken ook dat hulle mense pastoraal bystaan wat onreg beleef , sukkel om verhoudings te laat versoen of wat hul werk verloor het. Om te verseker dat die bediening relevant bly, word sake soos werksetiek aangespreek, toerustings- geleenthede aangebied en nuwe bemagtigingsprojekte aangepak. U kan ook kyk na die video oor hul werk by https://bit.ly/3cPmQVc.

# KALENDERBORG



# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### DIENSLERAAR: GEMEENSKAP & JEUG

Pos is tans vakant. Kontak gerus vir Jana of Dawfre.

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.